BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# 'n Reis vir Volgelinge

# Deel 5 – 'n Dissipel is Gered

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Het jy al ooit verdwaal of weggeraak? Hoe het jy gevoel? Wat het dit tot gevolg gehad? Deel dit met jou groep.**

**Hoekom dink jy is 'n algemene reaksie nadat iemand 'n fout gemaak het om te sê, ek sal harder probeer; ek sal beter wees; ek sal opmaak vir dit – selfs al is hulle vergewe vir hulle fout?**

**Hoekom dink jy is daar baie keer in ons geestelike lewe 'n ondertoon van harder probeer en meer doen om aanvaar te word?**

**Watter dinge doen mense om deur God aanvaar te word? Hoe is dit waar van jou eie lewe?**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

**Johannes 1:12-13. Wat dink jy beteken dit dat ons nie van nature, God se kinders is nie?**

**Titus 3:5-7. Wie doen al die werk volgens hierdie verse? Wat word alles gedoen?**

**Efesiërs 2:8-9. Hoekom dink jy probeer mense hul redding verdien? Wat is die gevolg as ons nie die genade van God verstaan of aanvaar nie?**

**Galasiërs 2:16; 3:11 en Romeine 3:28. Wat is nodig vir ons om in 'n korrekte verhouding met God te wees? Hoe stem dit ooreen met Romeine 10:9? Watter rol speel ons "harder probeer" volgens hierdie verse?**

**Romeine 1:16-17. Wat dink jy beteken "enkel en alleen"? Watter krag is daar in die evangelie?**

**In Engels praat mense van die A-B-C van die evangelie en wat ons moet doen om gered te word:**

- *A – Admit your sins*
- *B – Believe Jesus died and was raised for you*
- *C – Confess Jesus as Lord and Saviour of your life*

**Wat ons moet doen is: 1) Erken jou sonde; 2) Glo dat Jesus vir jou sonde betaal het; en 3) Bely Hom as Here en Verlosser van jou lewe? Voel dit soms vir jou te maklik? Hoekom dink jy beleef jy daardie gevoel? Het jy al hierdie gedoen in jou eie lewe? Deel met jou groep.**

**As mense se geneigdheid is om meer te doen om gered te word en die evangelie dit duidelik maak dat ons niks kan doen om gered te word nie, hoekom is dit belangrik om dit aan ander mense te vertel en te verduidelik? Dink jy mense kan dit op hulle eie bedink of tot daardie gevolgtrekking kom?**
**Lees Romeine 10:14-15. Wie is die mense in jou lewe wat nodig het om die goeie nuus te hoor? Skryf hulle name neer en bid saam as groep vir hulle.**

*****Op die kerk se webtuiste is 'n kort kursus, Deel jou Hoop. Dit kan jou help om meer in diepte te verstaan hoekom ons Jesus met mense moet deel en hoe jy kan voorberei om juis dit te doen. Indien julle as groep dit saam wil deurwerk, scan gerus die onderstaande skakel wat jou daarheen sal neem op die kerk se webtuiste en laai die handleiding af.***

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**